

KOMMUNIKAMMA 10 APRIL 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 10 April

Skriflesing: Lukas 19:28-44

Tema: Jesus huil in liefde oor ons.

<https://youtu.be/096KZUDkULg>

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 EIETDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK

09:45 KATEGESIE VIR GRAAD 1 – 11

10:00 KLASSIEKE EREDIENS

Die deurdankoffer gaan vandag vir die Christelike Maatskaplike Raad

KOFFIEBEDIENING

Ons herinner almal dat die Koffiebediening weer aan die gang is. Daar is voor elke erediens koffie en tee in die maalruimte beskikbaar.

Indien jy betrokke wil raak by die Koffiebediening, kontak asb vir Annelie van Rooyen (084 412 1068).

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word digitaal beskikbaar gestel.

Verlof

Ds Toit is met verlof tot Maandag 18 April. Indien jy in hierdie tyd 'n dominee nodig het, kontak asb met Ds MG.

Maandag 11 April

09:00 of 18:30 GROOT LYDENSWEK BYEENKOMS

Skriflesing: Joh 11:1-44

Tema: Jesus huil saam met ons

Die 09:00 byeenkoms sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

<https://youtu.be/g5QoXrJvty4>

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedseleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 12 April

09:00 of 18:30 GROOT LYDENSWEK BYEENKOMS

Skriflesing: Lukas 19:41-44

Tema: Jesus huil oor ons

Die 09:00 byeenkoms sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

<https://youtu.be/II4qnwry4Sc>

Woensdag 13 April

09:00 of 18:30 GROOT LYDENSWEK BYEENKOMS

Skriflesing: Matteus 26:36-46

Tema: Jesus huil soos ons

Die 09:00 byeenkoms sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

<https://youtu.be/XiwofSJevUA>

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is R325 851,13 reeds gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Donderdag 14 April

18:30 NAGMAAL

Skriflesing: Hebreërs 4:14-5:10

Tema: Jesus is al wat ons het en alles wat ons nodig het.

Die nagmaal sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

<https://youtu.be/Y-5uPPuIW50>

Vrydag 15 April

GOEIE VRYDAG

09:00 Erediens

Skriflesing: Hebreërs 10:16-25

Die erediens sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

<https://youtu.be/1sa4eVVC7Vo>

Sondag 17 April

PAASFEEES

09:00 EREDIENS

Skriflesing: 1 Korintiërs 15:19-26

Die erediens sal regstreeks uitgesaai word en sal op ons Youtube kanaal gestoor word sodat jy op jou eie tyd daarna kan kyk.

https://youtu.be/Hk_82q3iqHw

Sondag 24 April

In 'n kursus oor die globale inpak van Covid gee prof Wentzel Coetzer die volgende statistieke: Algemene depressie vlakke wereldwyd styg met 400%. Trauma is baie hoër by jonger mense (18-24 jaar oud) as by ouer mense en selfdood pogings het gestyg.

Een ondersoek tydens Covid toon dat 70% ouer mense aantoon dat dit goedgaan terwyl net 17% jongmense tussen 18-24 jaar saamstem.

Vanuit gesprekke met talle kinders het 80% aangedui dat hulle elke dag van die week gevoelens van hartseer (rou) ervaar. 20% het 'n behoefte aan bystand rakende geestesgesondheid en basiese psigo-sosiale behoeftes. Met hierdie statistiek in gedagte het Toit vir Johan Laten, 'n spreker oor Depressie 101, gereël om by ons te kom kuier op Sondag 24 April.

08:30 Eietydse erediens

Hy begin met 'n Eenmanvertoning (#puppet). Aan die einde van die toneelstuk praat hy oor die siekte vanuit 'n geloofsperspektief en hoe die gelowige depressievegter en die ondersteuners dit kan aanpak. Dit sal 'n goeie vertrekpunt wees vir verdere gesprekke by die huis.

10:00 Klassieke erediens

Johan gee 'n kort inleiding oor die siekte en gesels oor die impak wat dit het op gelowiges, en hoe dit bestuur kan word, veral hoe die 60 plussers hulle ouer kinders en kleinkinders moet en kan ondersteun. Ook natuurlik vir diegene in die ouderdomsgroep wat self met die siekte of selfs net met die simptome daarvan baklei.

Johan sal tussen die twee erediensdienste beskikbaar wees om mense te woord te staan indien daar so 'n behoefte is.

SAKE vir GEBED:

- Die situasie in die Oekraïne is steeds baie kritiek. Ons bid vir Goddelike ingryping, beskerming van medegelowiges en almal wat deur die oorlog geraak word. Bid vir vrede en vir almal wat die Here se lig is in dié donker wêreld.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van ons damme.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en genade sal ervaar.
- Naomi Heyns sukkel met haar gesondheid.
- Elsabé Pretorius se broer is oorlede.
- Die tweede kwartaal wat voorlê.
- Die groot Lydensweek en Paasfees wat voorlê.
- Ons kermis op Woensdag, 27 april 2022.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Bid saam met geheime gelowiges in **Saedi-Arabië** wat hul geloof vir familie en vriende moet wegsteek. Vra God om hulle te verseker dat hulle nie alleen is nie.

Liefde vir ons naaste- 'n Nuwe rolstoel vir Carien Blom benodig

Ons het hierdie week te hore gekom van 'n jong gesin in ons gemeente wat 'n behoefte vir hul dogter het. Carien Blom is 'n blink 10-jarige dogtertjie wat op 27 weke te vroeg gebore is. Komplikasies na geboorte ('n ernstige breinbloeding) het breinskade veroorsaak, en sy is daarna gediagnoseer met Serebrale gestremdheid en Hydrocephalu. Carien se ouers, Stephan en Christelle Blom, is besig met 'n *back a buddy* fondsinsamelingsprojek want sy kort 'n nuwe rolstoel, en daar is verder groot mediese onkoste. Gaan loer gerus op die skakel indien jy 'n bydrae wou maak, of dalk meer wou weet: <https://www.backabuddy.co.za/champion/project/carien-blom>

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

10 April	Miems Botha, Brian Capes, Daniel Grobler, Marney Jooste, Karen Jordaan, Ellenette Meiring, Kate Swanepoel en Antoinette van Wyke
11 April	Christo Matthee en Sonja Tait
12 April	Neal Brophy, Rassie du Plessis, Martin Keevy en Esme Snyman
13 April	George Friend, Tammy Ross, Marie Rothman, Ria van Heerden, PC van Rooyen en MG van Rooyen
14 April	Emma de Witt, Johan Harmse en Annel Otto
15 April	Melissa Kleinhans, Sarie Lahoud, Marnus Potgieter en Peter Williams
16 April	Corrie van Deventer



KERMIS WOENSDAG 27 APRIL 2022

WIT OLIFANTE

Maak asb sommer van vroeg af vir ons Wit Olifante bymekaar. Jackie en Zalita is op soek na speelgoed, gereedskap, elektriese toestelle (in werkende kondisie) en ander bruikbare items. Hierdie items kan op Woensdae by die kerkkantoor afgelaai word, of kontak vir Zalita (082 878 8720) indien hulle dit moet kom oplaai.

PANNEKOEK

Die pannekoektafel soek hulp op die dag van die Kermis. Kontak vir Gert (082 906 6924) indien jy kan help.

KOFFIEWINKEL

Die Koffiewinkel benodig heerlike koeke om saam met die koffie te verkoop. Indien jy kan help, kontak asb vir Dossie (082 957 6084)

KERMIS PRETLOOP

5 km Pretloop om 08:00 ten bate van die Bybelgenootskap (R30 per inskrywing)

Daar is medaljes en geluk trekkings. Pryse vir man/dame en o/13 seun/meisie weners.

Inskrywingsvorme by Brian Bands, Bybelgenootskap Cotswoldlaan 31, Cotswold en Kerkkantoor, Gazanialaan 2, Sunridgepark.

Laat inskrywings by die pretloop: Woensdag 27 April 2022: 07:00 – 07:45

Kontak: Rian Viljoen by 082 559 7648

FINANSIËLE HULP: JY KAN JESUS SE "BEURSIE" IN OEKRAÏNE HELP WEES!

Die gedagte het ontstaan en gegroei dat voorbidding met verdere aksie verryk moet word. Dit het daartoe gelei dat moontlikhede ondersoek is hoe kerkleiers in Oekraïne op 'n manier finansiëel hier uit ons sinodale gebied ondersteun kan word. Die NG Kerk in die Oos-Kaap mik vir minstens R100 000.

Inbetalings kan by ons kerkkantoor gemaak word. Merk asb net baie duidelik dat dit vir Oekraïne is.

Ander Rekeningbesonderhede waarheen donasies gestuur kan word is:

Rekening: NG Kerk in Oos-Kaapland; ABSA 290 581 192; Verwysing: oekra + [gemeentenaam] of [donateurnaam]

INSKRYWINGSVORM: UITDAGINGS MET DIE GROOTMAAK VAN SEUNS (26 April 2022)

'n Aanlyn-kursus oor die uitdagings om seuns groot te maak deur prof Wentzel Coetzer word op Dinsdag, 26 April 2022 van 09:00 - 13:00 via zoom aangebied. Die kursusfooi beloop R300. Kontak vir MG of Niekie vir meer inligting.

KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES

Die gemeente het 'n 5 ouderling, 2 diaken en 9 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

